Woordbediening: Matteus 4:23-5:16 en 7:24-29

Kernteks: *"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."(Mt 5:3)*

"Happy are those who know they are spiritually poor; the Kingdom of Heaven belongs to them!(Mt 5:3)

The joy of heavenly citizenship (Mt 5:3)

In this first beatitude Jesus assures us of the true joy of being part of his Kingdom. In the "Sermon on the Mount" He actually proclaimed the inauguration of it, explaining the requisites for entering as well as the standard of living in the Kingdom of Heaven. In the closing section of his teaching He guaranteed to those who live in his Kingdom that they will be like a house on rock, able to withstand every onslaught of live.

Does this mean that the Kingdom of Heaven is only for the strong and the powerful, the spiritually "fit and able" type of persons? Instead, to be "spiritually poor" we should rather re-learn to have the attitude of a baby. For well educated and successful and rich people it might need a radical change of heart. The few disciples that Jesus had already elected at that stage of his ministry could do with such teaching, if you keep in mind that they were the elected out of thousands! This might have been one of the reasons why Jesus directed this first teaching to them.

Blydskap oor 'n nuwe Burgerskap

Burgerskap in die Koninkryk van God/die hemel is nou oop vir almal wat kwalifiseer. Stel jy belang om deel te wees van sy Koninkryk? Lees eers die hele "bergrede". Dit beskryf die lewe binne God se koninkryk. Dit vrywaar jou nie van die aanslae van die storms van die lewe nie, maar waarborg wel dat jou "huis" sal bly staan.

Wie kwalifiseer?

Elkeen wat "arm van gees" is! By 'n ander geleentheid het Jesus gesê: *"Geseënd is julle wat arm is…."(Luk 6:20).* Geen sertifikate of diplomas, geen bewys van inkomste of bates is nodig nie. Dinge wat hier vir ons so belangrik is tel NIKS. Is dit moontlik dat die Koninkryk van die HEMEL se standaard so laag kan wees?

Wat dan van die ander vereistes?
Jy mag wonder hoe rym dit met die ander vereistes wat Jesus op ander plekke gestel het: Wedergeboorte (Joh. 3:3,5); geloof (Joh. 6:29); soos ’n kindjie (Luk 18:17); hand aan die ploeg, vorentoe (Luk 9:62); verstandig (Mark 12:34). Alles begin by “arm voor God”-wees, totaal afhanklik van Hom vir jou redding. Is jy bereid om alles prys te gee wat jy tot hiertoe gedink het in jou guns tel?

Wanneer begin dit?
Formeel gesien het Jesus met die “bergrede” die Koninkryk amptelik geproklameer, nadat Hy kort te vore verklaar het dat dit “naby” is (Mt 4:17). Sedert daardie dag is die Koninkryk ’n werklikheid, soos Jesus self gesê het: *“hier by julle”(Luk 17:21)*. Elkeen se ingang in God se koninkryk vereis egter ’n radikale hartsverandering wat deur die Heilige Gees bewerk word. Dis die Heilige Gees wat ’n mens klein genoeg maak om in te gaan.

Hoe weet ek of ek “klein genoeg” is?
Dis makliker om te sê hoe jy dit NIE weet nie. Jy weet dit NIE deur die hoeveelheid regmerkies wat jy jouself gee nie. Wat jy WEL weet is of jou hart verander het of nie. Wat is die dinge wat jou bly maak? Is die sekuriteit wat die Here jou bied vir jou genoeg? Maak ’n lewe weg van SELF, maar gerig op GOD vir jou sin? Uiteindelik kom dit neer op GELOOF en GENADE.

Hoe pas ons pasgedoopte kindjie in?
Wonderlik maklik, want van die meriete-kant gesien voldoen sy aan die vereistes: sy het niks om te bied nie en kan slegs ontvang. Die vraag is: Is ons bereid om dit by hulle te leer, sodat hulle dit weer by ons kan leer? Is ons bereid om bewustelik te doen wat ’n klein kindjie onbewustelik doen? Dis hoe maklik/moeilik burgerskap in die Koninkryk van die hemel is. Maak dit maklik. Dit sal jou blydskap gee.

<u>Onthou: Kersfees is Christusfees</u>!

Ons weet hoe maklik dit is om fokus te verloor. (“Bly gefokus, my kind!”) Baie meer nog as om te fokus op die “drie”(?) wyse manne van die Bybel of die “drie susters” in die Karoo is dit nodig om in Kerstyd op Christus self te fokus.

Die “Kers-“ van “Kersfees” het niks met kerse te doen nie, maar gaan oor “Kerst”(oud Nederlands?), dit wil sê “Christ” (Engels) of “Christus” (Afrikaans). Ons hoor die woord nog in “kersten”, dws om iemand of iets christelik te maak.

Laat ons dit hierdie “Kerstyd” ons daarop instel om dit christustyd te maak. “Christus” beteken weer “Gesalfde. Hyself is gesalf met die Gees van God en ons het deel aan sy salwing. So gesien, bloot op die betekenis van die woord af, beteken Kerstyd ’n tyd om fees te vier oor die salwing met die Gees van God op ’n wyse wat pas by die Gees van God.

Kan ons dit beter beskryf as die Skrif self? *“Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul, en sing onder mekaar psalms, lofsange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus. Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.” (Ef. 5:18-20)*JS